JY IS GOD SE MEESTERSTUK

EF 1:22-2:10

**Wat beteken** dit *"om belydenis van geloof af te lê"*? Dit is om **openlik** teenoor **God** en voor **mense** te verklaar dat jy **in Jesus Christus glo as jou Verlosser en Here.** Wanneer 'n mens DIT sê, dan sê jy **in dieselfde asem** ook dat jy GERED is, en dat jy 'n BEGENADIGDE en 'n GEROEPENE is.
Jy sê eerstens jy is 'n

1. GELOWIGE

'n **Lidmaat** is in die heel eerste plek iemand wat in die Here Jesus Christus glo. As jy NIE in Hom glo nie, kan jy nie in die ware sin van die Woord lidmaat wees nie. Die woord "lidmaat" sê **"ledemaat"** van die liggaam van Christus (wat 'n ander naam is vir die kerk). Dit is deur in Hom te glo dat jy lid word van Sy liggaam.
Geloof berus op **kennis en vertroue**. Ef 1:13 "*Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het."* Julle twee wat vandag belydenis van geloof aflê, het deur die jare – eers deur julle ouers en later ook op ander maniere, o.a. deur julle bywoning van die erediens en kategese, **kennis opgedoen** van die evangelie. Gelukkig het julle **ouers** gehad wat hul doopbelofte ernstig opgeneem het. Julle het ook deur julle mondelingse getuienis en die getuienis van julle lewe ons oortuig dat julle hierdie kennis **julle eie gemaak** het, dat julle **vertrou** dat dit die waarheid is. **Kennis** is belangrik en ek wens al die kinders van hierdie gemeente wil die eredienste en kategese so getrou bywoon as wat julle dit gedoen het. Sonder die **vertroue** dat dit waar is en vir MY waar is, baat dit egter niks. Mense kan nie in julle **harte** sien nie, maar ons kan julle **lewe** sien en dit sê vir ons dat julle nie net *kennis geneem* het daarvan dat God *vir julle* lief is nie, maar dat julle ook *vir Hom* lief is!

Maar as jy 'n gelowige en lid van die liggaam van Christus is, dan is jy ook 'n

2. GEREDDE

Vers 8: *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof."* Gered waarvan?

2.1 Vers 2 verwys na ***"die sondige wêreld".*** Dit is *"die mense wat aan God ongehoorsaam is"*; wat nie met God *rekening hou* nie; wat nie vir Hom *respek* het nie; vir wie Hy *nie bestaan of saak ma*ak nie. Hulle verbeel hulle hulle is hul **eie baas**, maar al die tyd is hulle *slawe* van veel mindere en ongenaakbare gode soos die *sug na meer,* die strewe om *beter en belangriker* as ander te wees, om *in tel* te wees. Hulle is meermale die slawe van die *modebase* en van *mense se opinies*. Die **geluk** wat hulle ervaar, is tydelik en onbevredigend. Hulle **terugslae** is dubbeld so erg, want omdat hulle sonder God is, is hulle sonder hoop (2:12).
As gelowiges is ons gelukkig van so 'n **oppervlakkige en sinlose bestaan** gered! Prys die Here!

2.2 Vers 3 verwys na ons ***"sondige natuur"*** waarvan ons gered is. Dit is die menslike geaardheid soos wat dit agv die sondeval verword het. Die sondige natuur **wil en kan** God nie gehoorsaam nie. Dit **neig na die verkeerde**. Dit is net op hom/haarself en sy/haar eie voordeel **ingestel**. Die middelste letter in die woordjie **"sIn"** is mos 'n "I"! Vir die sondige natuur is die EK die belangrikste. So iemand is uiters *liggeraak* en baie *moeilik* om mee saam te leef. Gelukkig is ons van so **'n selfsugtige, selfgesentreerde lewenshouding** gered. Wie se lewe net om hom/haarself draai, lewe in 'n baie **klein wêreldjie**. Gesegde: *"Vroue wat soos mans wil wees, het 'n gebrek aan ambisie!"* Aanpas: *"'n Mens wat net sy eie beuel wil blaas, het 'n gebrek aan ambisie!"*
Ons het nou 'n **nuwe natuur**. Dit word vergelyk met 'n nuwe geboorte. (twee naeltjies!) Met ons nuwe geaardheid **wil ons** graag God en ons naaste liefhê en dien, al kry ons dit nog nie aldag reg nie. Die sondige natuur kom **spook** nog soms by ons, maar ons hoef nie daaraan toe te gee nie. **Herinner** julleself gedurig daaraan: Ek is *gered van* my sondige natuur. Dit het geen sê in my lewe meer nie.

2.3 Ons is daarby derdens ook gered van die "**vors van die onsigbare magte**" waarvan vers 2 praat. Hy word ook **"Satan"** wat teëstander beteken, genoem. Hy is die een wat God se goeie planne teëstaan. Hy is 'n "***leuenaar*** *van die begin af*". Hoewel sommige sy bestaan ontken, kan ons sy werke daagliks om ons sien. Hy bly nog steeds vir ons 'n **bedreiging**, want hy laat gelowiges en die kerk allermins met rus. Die Bybel leer ons dat hy 'n vyand is vir wie ons moet lig loop en **waarsku** dat ons nie in eie krag teen hom opgewasse is nie. H6:11 "*Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die*

*duiwel."* Julle sal in julle lewe vorentoe ook vir hom op jul hoede moet wees. Hy sal baie graag wi lsien dat julle afdwaal en **"dooie" lidmate** word. Hy is soms baie subtiel in sy benadering. Soms loop hy rond soos 'n **brullende leeu**, maar ander tye doen hy hom weer voor as 'n **engel van die lig**.

Die Goeie Nuus is dat ons met die krag van die Here Hom KAN weerstaan. Jesus Christus, ons hoof, het Hom oorwin. Soos ons gelees het: "*Aan Hom (Jesus) het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef..."* (1:22) Fokus op HOM, nie op die Satan nie.

2.4 Laastens wys vers 3 daarop dat ons van die **straf van God** gered is. Watter heerlike versekering! Dit is moontlik omdat **Jesus** die straf in ons plek gedra het. Wat met die hoof gebeur het, geld ook vir die res van die liggaam. Daarom lees ons in vers 6 dat ons saam met Hom **opgewek** is uit die dood en saam met Hom 'n **plek in die hemel** gegee is. Die liggaam volg waar die kop gaan. Dit is om oor opgewonde te wees: My plek in die hemel is bespreek!("My voete loop na Worcester toe…")

As gelowiges is ons gered van die *sondige wêreld*, ons *sondige natuur*, die *satan* en van *God se straf*. Maar ons is ook

3. BEGENADIGDES

Vers 10 herinner ons dat dit GOD is wat **ons gemaak** het wat ons nou is. Die enigste ander plek waar dieselfde **Griekse woord** voorkom, is waar dit gebruik word vir God se oorspronklike skepping. God het ons weer *van nuuts af oorgeskape*. Die woord is **poiema.** Julle sal die woord *"poem"* (gedig) daarin herken. Die Grieks het die betekenis van enige *kunswerk* en ook ***meesterstuk***. Jy en ek is as gelowiges <u>God se gedig, God se kunswerk, Sy meesterstuk</u>!

Maar, staan daar in vers 9, niemand het rede om **op homself trots** te wees nie. Ons is wat ons is omdat God is wat Hy is – omdat Hy, soos hier staan, *ryk in barmhartigheid is, ons innig liefhet en genadig is.* Ons het dit treffend geillustreer gesien toe julle **gedoop** is (Edward). (Man op besoek by eggenoot met Alzheimers) Julle het nie geweet wat daar gebeur nie, maar God het. **Vandag bely julle** julle liefde vir Hom, maar **daardie dag het Hy al** sy liefde vir julle bely! Julle kon grootword met die wete: God is lief vir my. Hy het dit voor getuies belowe en Hy het my 'n teken gegee. *"Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God."*

Ons is begenadigdes.

Laastens, as gelowiges, gereddes en begenadigdes, is ons ook

4. GEROEPENES

Ons is gered VAN, maar ook TOT. WaarTOE is ons gered – hemel TOE? Ja, dit ook, maar as dit al was, dan was dit 'n geval hoe gouer ek sterf, hoe beter! Die hemel is wel die *uiteindelike* **bestemming,** maar *nie al* bestemming wat God vir ons in gedagte het nie. Vers 10: *"Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy* ***ons bestem het****."* Ons is as God se kunswerke nie bestem om teen 'n muur te hang nie. As liggaam van Christus is ons geroep om die werk waarmee die HJ op aarde 'n begin gemaak het, voort te sit.
Julle twee moet julle gewig ingooi by die **gemeente** – soos wat julle reeds gedoen het. Maar in die **gemeenskap** buite die gemeente is daar ook baie geleenthede om goeie dade te doen. DIT is wat God wil hê dat ons moet doen. Daarvoor het Hy ons gered – sodat ons **vry** kan wees om Hom en ons naaste behoorlik te kan dien – sonder dat ons **gebind** word deur *bande van selfsug en oneerlikheid en soeke na eer en erkenning b*v. Al hoekom dit vir ons nb is dat mense ons goeie dade sal sien, is sodat hulle ons Vader wat in die hemel is, sal verheerlik (Matt 5:21), want DIT is waaroor die lewe vir ons gaan: Dat Hy verheerlik sal word. DIT is ons **doel en ons bestemming** – die eer van ons Skepper. Soos 'n **mooi kleipot** wil ons 'n PRONKSTUK wees wat eer bring vir die Pottebakker! Soos 'n **pianis** hard oefen om te *laat reg geskied* aan die werk van die komponis, so wil ons ook laat reg geksied aan die Een wat ons gemaak en sekere gawes aan ons gegee het. Soos **die dirigent** wanneer die gehoor hande klap gewoonlik na die koor en die orkes wys, so wil ons ook aan God die eer gee wanneer mense vir ons prys en dankie sê. In Open word die kerk "die bruid" van Christus genoem en ons almal se goeie werke is **die rok** waarmee sy haar vir die Bruidegom versier! (Open 19:8 *"God het vir haar die mooiste wit rok gegee om aan te trek. Dit is van die fynste, kosbaarste, witste materiaal gemaak wat jy jou maar kan voorstel. Hierdie kosbare materiaal is eintlik gemaak van al die regte en goeie dinge wat God se mense gedoen het".* – Die Boodskap)

SLOT

Geliefdes, ons is gelowiges, gereddes, begenadigdes en geroepenes. Laat ons dit nie net in woorde bely nie, maar laat ons hele lewe 'n belydenis wees van ons geloof!

Amen 15 Jan 2012